Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

3 Augustus 2023

Omsendskrywe 5 van 2023

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewers en Lede

AGTERSKOTBETALING AAN LEDE EN VOORMALIGE LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS

In omsendskrywe 1 van 2022 het ek kortliks melding gemaak van die surplusgelde wat ontstaan het toe die Christen Gemeenskap Pensioenfonds se werkgewersurplus vrywillig gelikwideer is en daar aan alle lede 'n agterskotbetaling gemaak sou word. Lede van die Amptenare Pensioenfonds was eerste aan die beurt en in Omsendskrywe 4 van 2022, het ek gekommunikeer dat predikante ook hul agterskotbetalings sou ontvang.

Hierdie agterskotbetaling geld vir lede wat op 1 Oktober 2013 lid van die Fonds was.

Uiteraard het lede na hierdie datum bedank of afgetree en wat nie noodwendig op 'n sinode se verspreidingslys is en daarom nie my vorige skrywes ontvang het nie.

Die doel van hierdie skrywe, soos besluit op die Bestuurskomiteevergadering van 21 Julie 2023, is om u te herinner aan die agterskotbetalings maar veral dat die proses nou effe gewysig het: die geld wat lede toekom, is na Sanlam se "unclaimed benefit fund" oorgeplaas. Sanlam het die *Data Factory* aangestel om as opsporingsagent op te tree om veral afgetrede lede, of lede wat uitdiens getree het, op te spoor. Indien 'n lid 'n oproep of epos van die *Data Factory* ontvang, hulle asseblief ag moet slaan hierop. Dit is nie 'n "scam" of iets dergliks nie.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith